
# Die Huis

# in

# Klipplaat




# **Klipplaat**

Piet en Sarie bly in 'n dorp.

Die dorp se naam is Klipplaat.

Piet en Sarie bly in 'n huis in Klipplaat.




# Tommie

Sarie het 'n kat.


Die kat se naam is Tommie.

Tommie is Sarie se kat.




Tommie is 'n mooi kat.

Sarie maak kos.



Die kat sit en kyk.

Tommie sit op die mat.



Hy sit en kyk.

Die kat sit op die mat.

Sarie maak kos.

"Kom, Tommie," sê Sarie.


Sy sit die kos neer.



"Kom, Tommie," sê sy.

Die kat kom.


Hy eet die kos.



Tommie kom sit op die mat.

Hy lê.

Hy lê en slaap.



# Kolle




Piet het 'n hond.


Die hond se naam is Kolle.

Kolle is Piet se hond.

Hy is 'n mooi sterk hond.



Sarie is by die huis.



Sy maak kos.

Piet en Kolle kom in.

Sarie maak tee.




Piet sit.

Hy drink 'n koppie tee.

Die tee is lekker.

"Dankie, Sarie," sê Piet.

Sarie maak Kolle se kos.



Sy sit die kos neer.


Die hond kom eet.

Hy eet lekker.

Piet staan op.


"Dankie, Sarie," sê hy.

"Kom, Kolle."



# Bettie





Piet en Sarie het 'n kind.


Die kind se naam is Bettie.

Sarie is Bettie se ma.

Piet is Bettie se pa.

Bettie lê op die bed.


Sy lê en slaap.



Die kat kom in.


Hy kom lê

op die bed.



Tommie en Bettie lê saam op die bed.

Tommie en Bettie slaap.



Sarie kom in.

Sy sien die kind en die kat op die bed.

Bettie slaap lekker.

Sarie is bly.

# Die huis in Klipplaat

Piet en Sarie bly in Klipplaat.



Bettie is Piet en Sarie se kind.

Sy bly in die huis in Klipplaat.

Kolle is Piet se hond.

Hy bly in die huis in Klipplaat.

Tommie is Sarie se kat.

Hy bly in die huis in Klipplaat.

Piet en Sarie en Bettie en Tommie en Kolle bly almal saam in die huis in Klipplaat.